DAAGLIKSE GEBEDSGIDS – JULIE 2008

Dinsdag 1 Julie 2008

Bikers Church

Hierdie bediening bereik en raak waarlik mense aan wat oënskynlik moeilik deur die evangelie van Christus aangeraak kan word. Bid vir die Christen-motorfietsryers waar hulle verskeie saamtrekke bywoon en ook saamtrekke aanbied met die enkele doel om geleenthede te vind om Christus aan onbekeerde motorfietsryers te bedien. Vra vir hulle fisiese beskerming en dat motorfietsryers die evangelie sal ontvang al is hulle geestestoestand negatief. Bid dat hulle ook oorwinning sal behaal oor hulle verslawings en vooropgestelde idees. Vra dat nuwe bekeerlinge sal besef hoe belangrik hulle roeping is om spesifiek na motorfietsryers uit te reik. (*Bikers Church*, Posbus 1755, Brackenfell, 7561. Tel.: 021 982 2303, faks: 021 982 0997 of e-pos: bikercrc@mweb.co.za).

'n Dringende oproep vir gebed vir Christene in Gaza

Sedert Oktober 2007, toe 'n kerkleier as martelaar gesterf het, het eredienste by die Gaza Baptistekerk gekrimp tot 10-15 Gelowiges wat bereid is om die risiko te loop van openlik dienste bywoon by die enigste evangeliese kerk in die hele Gazastrook. In hierdie moeilike tyd, waarin selfs ou inwoners van Gaza wanhoop aan 'n "normale" lewe, bly Christen-bedrywighede grotendeels ondergronds. Daar kan soveel as 200-300 ondergrondse evangeliese Gelowiges in Gaza wees. Minder as 1% van die bevolking is kultureel Christene vanweë familietradisie. (*ASSIST News Service (ANS)*. P.O. Box 609, Lake Forest, CA 92609-0609USA. Webruimte: www.assistnews.net of e-pos: assistnews@aol.com of assistnews@aol.com). Moenie moeg word om te bid vir Christene wat in vrees vir hulle lewens in die Gaza-strook leef nie. Dank God vir die vryheid wat ons nog het om as Christene in Suid-Afrika bymekaar te kom.

Woensdag 2 Julie 2008

Every Home for Christ Suid-Afrika

Every Home for Christ Suid-Afrika (EHCSA) het ten doel om teen die jaar 2020 elke huis in die land te bereik. Dit sal gedoen word deur strategiese alliansies te vorm met ander wat verbind is tot die Groot Opdrag (**Mk.16:15**). Evangelisasie sal plaasvind deur middel van uitreikspanne wat opgelei is om stelselmatig van huis tot huis te gaan en die evangelieboodskap in geskrewe vorm by elke huishouding te laat. Bid asseblief vir gemeentes, uitreikspanne en individue om deel te neem aan die verspreiding van die evangelie van Jesus Christus aan elke persoon in Suid-Afrika. (*EHCSA*, Posbus 7256, Centurion, 0046. Tel.: 012 663 4587, faks: 012 663 4589; webruimte: www.ehcsa.co.za of e-pos info@ehcsa.co.za).

Fokus op die top 10 lande wat Christene vervolg: Irak

Irak neem nou die tweede plek in as 'n land wat Christene die meeste vervolg. Aangesien konflik tussen Koerde, Soenni Arabiere en Sjiïtiese Arabiere toeneem, is die Christene in die middel vasgevang. Toenemende vervolging van Christene het 'n uittog van Christene uit Irak veroorsaak. In 1980 was daar 1,4 miljoen Christene in Irak. Aan die begin van 2003 het hierdie syfer gekrimp tot 800 000, en tans is daar net 250 000-500 000. (Webruimte: www.persecution.org of e-pos: icc@persecution.org). Bid asseblief vir die Christene in Irak wat vervolg word, dat hulle skuiling en veiligheid binne hulle land sal vind. Bid dat hulle genade sal ontvang om aan te hou getuig van Christus, aangesien hulle die goeie gesindheid van Irakese Moslems geniet.

Donderdag 3 Julie 2008

Suid-Afrika in vergelyking met die res van die wêreld

Suid-Afrika beskik oor die helfte van die wêreld se neerslae van sirkoon – 'n swaar mineraal van die kern-eeu – en is die wêreld se voorste produsent van goud, platinum, chroom, vanadium, mangaan en alumino-silikate. Dit is ook 'n top produsent van 50 ander minerale. (*SA at a Glance*, 2007/8, bl. 8). Dank die Here vir sy guns wat op ons land rus aangaande hierdie ondergrondse bronne van sirkoon, goud, platinum ensovoorts, sowel as die reeds ontwikkelde vermoë van die land om hierdie minerale en metale te myn vir eie gebruik en uitvoer. Hou aan bid dat wetenskaplikes guns by God sal vind om masjinerie en tegnologie te ontwikkel wat wêreldwyd voordelig sal wees en tot 'n toenemende vraag na Suid-Afrikaanse produkte sal lei. Bid weereens dat voordele grondvlak sal bereik.

Tangsa, Yangkuk in Indië

In die 1981-sensus in Indië is hierdie groep se totale bevolking as slegs 59 aangedui! Sedert die 1981-sensus, toe net twee individue verklaar het dat hulle Christene is, is ons nie bewus van enige nuwe deurbrake vir die evangelie onder hierdie klein

groepie nie. K.S. Singh merk op: "Slegs 'n paar persone uit die gemeenskap het die Christendom aangeneem, en hulle het die tradisionele geloof laat vaar." (*Peoples of the Buddhist World,* Paul Hattaway, bl. 293). Laat ons getrou volhard met gebed vir die verlossing van die mense van die Boeddhistiese wêreld. Vra vir die Here aan wie die oes behoort, om meer werkers uit te stuur vir hierdie oes.

Vrydag 4 Julie 2008

***90 Dae van Seën*: Ons aanbid U**

Aan U behoort die heerlikheid tot in ewigheid! (**Rom.11:36**). Aan U wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! (**1 Tim.1:17**). Ons seën U, ons God, die goeie en enigste Heerser, en die Koning van konings en Here van heersers. U alleen besit onsterflikheid en woon in ontoeganklike lig. Geen mens het U gesien of kan U sien nie. Aan U kom toe eer en ewige mag! (**1 Tim.6:15-16**).

Ons verkondig dat U, Here, in die begin die aarde gevestig het, en ook die hemel is die werk van U hande. Dié dinge sal vergaan maar U bly bestaan; soos 'n kledingstuk sal alles verslyt; soos klere sal U dit oprol; ja, soos 'n kledingstuk sal dit vervang word. Maar U, U bly dieselfde, en U jare het geen einde nie (**Heb.1:10-12**).

Here Jesus, U is die eersgeborene uit die dood, en die heerser van die konings van die aarde. U het ons lief en het ons bevry van ons sondes deur U bloed, en het ons gemaak tot 'n koninkryk en priesters om U en God ons Vader te dien. U is die Alfa en die Omega, wat is, en wat was, en wat sal wees, die Almagtige Een (**Op.1:6-20**). Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur U wil het alles ontstaan en is dit geskep (**Op.4:8-11**). Die Lam wat geslag is, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang! (**Op.5:8-14**). Groot en wonderbaarlik is U dade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is U optrede, Koning van die nasies. Wie sal U nie vrees nie, Here, en U Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat U handelwyse regverdig is (**Op.15:1-8**).

***Ethnê onbereikte groepe-projek*: Mins bereikte nasies van die Amerikas/Karibiese gebied**

Volgens bronne bid Amerikaanse kerke vir die Moslemlande, maar doen hulle baie min om na die Moslems in hulle eie gemeenskappe uit te reik. Vra vir 'n groter bewuswording onder Amerikaanse mense van hulle eie Moslembure en om uit te reik deur vriendskapsbrûe om die Goeie Nuus mee te deel. (Webruimte: www.joshuaproject.net/Ethne_globalregion.php of e-pos: Ethne06@Ethne.net).

Saterdag 5 Julie 2008

Dwelm-epidemie beroof Suid-Afrika van sy kinders

Baie jongmense sterf as gevolg van dwelmmisbruik. Sommige Pretoriase dwelm- en alkohol-rehabilitasiesentrums het al kinders so jonk as 9 jaar behandel. Groot getalle kinders wat kokaïen, heroïen, dagga en alkohol gebruik, word hier behandel. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=vn20080201045358636C335337). Bid dat God sy Gees van gebed en smeking op duisende mense in Suid-Afrika sal uitstort om te begin bid vir die bevryding van jongmense van al hierdie middels. Vra dat kerke sal begin om spesiale intersessie-byeenkomste te hou om vir jongmense te bid, hulle te bedien en hulle ook op praktiese maniere te help. Loof God vir 'n groep mense wat 'n paar jaar gelede begin het om spesifiek vir hul eie verslaafde kinders in te tree. (Kontak: Leah Grobler, webruimte: www.actup.co.za).

***Tearfund* – Bid asseblief en tree op**

Meer as 2,6 miljard mense het nie toegang tot basiese sanitasie nie en 1,1 miljard mense is sonder veilige water. As gevolg hiervan sterf 2,2 miljoen kinders onder die ouderdom van vyf elke jaar aan diarree-verwante siektes. Volgende week sal die *G8* in Japan vergader om hierdie en ander sake te bespreek. Bid asseblief dat hierdie lande die leiding sal neem met die opstel en uitvoer van 'n wêreldwye aksieplan.
(Webruimte: http.//www.tearfund.org/News/World+news/Tearfund+Sanitation+report.htm).

Sondag 6 Julie 2008

Hoe die Heilige Gees die lewens van die dissipels verander het en hoe dit vandag vir jou kan gebeur
Handelinge 20: Hy sal jou leierskap verander

God het nie sy Heilige Gees na die aarde toe gestuur sodat ons ons pligte moet verwaarloos nie. As Raadgewer en Gids wys Hy ons hoe om verantwoordelikheid te aanvaar vir God se werk en rus ons toe om op te tree deur die krag van die

Heilige Gees. Dit gee ons 'n posisie van verantwoordelikheid en invloed in die koninkryk. In Paulus se afskeidsboodskap aan die ouderlinge in Efese het hy met groot emosie vir hulle gesê: *Pas julleself op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg, wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun* (**Hand.20:28**). Paulus het hierdie uitdaging met groot vertroue gestel, want hy het geweet dat die Heilige Gees hulle alles sou gee wat hulle vir suksesvolle geestelike leierskap nodig het, selfs om struikelblokke soos dié in die pad van eenheid te oorkom. God wil, deur die werking van Sy Heilige Gees, dieselfde vir jou en deur jou doen vandag. Het jy probleme in jou gemeente of selgroep? Dit is niks nuuts nie. Maar daar is 'n uitweg – die Heilige Gees het jou in hierdie groep geplaas, as leier of as deelnemer, en jy kan by God aandring om 'n deurbraak te gee onder elke omstandigheid, selfs al neem dit langer as wat jy graag sou wou hê. Onthou, moeilike omstandighede leer ons ook meer oor leierskap en groter afhanklikheid van God.

Vader God, ons bely dat ons moedeloos en teleurgesteld is wanneer dinge in U koninkryk nie reg loop of U verheerlik nie. Vergewe dat ons dikwels self die verantwoordelikheid wil neem om dinge reg te maak. Leer ons wat ware afhanklikheid en die leiding van U Heilige Gees beteken. Vandag plaas ons weer eens ons lewens en die bediening wat U aan ons sorg toevertrou het, in U hande. Ons kan nie 'n sukses van enigiets maak nie. Ons is tot niks in staat nie. Dit is slegs by U en in U dat U Naam waarlik verheerlik kan word.

Maandag 7 Julie 2008

Onwettige aborsie in Suid-Afrika

Onwettige aborsies bly 'n ernstige probleem in Kaapstad, hoewel Johannesburg 'n baie groter probleem het. Die *Departement van Gesondheid* beskik nie oor syfers van die getal onwettige aborsies wat uitgevoer word of die getal vroue wat komplikasies daarna ontwikkel het nie. Alhoewel staatshospitale aborsies gratis aanbied, het die gebrek aan toegang tot en voorligting omtrent die gratis diens tot die probleem van onwettige aborsies bygedra.
(Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=125&art_id=vn20080129030137483C158794). Wanneer jong meisies swanger raak, oorweeg baie aborsie en omdat hulle bang is iemand mag uitvind, word hulle dikwels oorreed om 'n privaat aborsie te laat doen. Bid asseblief vir hierdie jong meisies dat hulle die gevaar van 'n aborsie sal besef. Vra dat hulle hulle hoop op God sal stel en dapper die verantwoordelikheid wat op hulle wag, sal aanvaar. Bid dat die aborsie wetgewing teruggetrek sal word en dat jongmense 'n begeerte sal hê om rein en heilig te leef deur God wat hulle daartoe in staat stel.

***G8-beraad 2008*: Hokkaido, Japan**

Japan is die gasheer vir die *G8-beraad* vanaf 7-9 Julie vanjaar. Verteenwoordigers van die Verenigde State van Amerika, Frankryk, Rusland, die Verenigde Koninkryk, Duitsland, Japan, Italië, Kanada en 'n aantal verteenwoordigers van die Europese Unie sal die vergadering bewoon.
(Webruimte: http://www.g8.utoronto.ca/evaluations/2008hokkaido/2008plan/2008plan.html#africa). Daar is baie omstredenheid en kritiek oor hierdie vergadering. Kom ons bid vir elkeen van hierdie *G8-leiers* dat hulle kruispad-oomblikke sal beleef, hulle ontoereikendheid sal besef en hulle tot God sal wend vir raad. Dra elkeen van hierdie lande se leiers in gebed aan God op en vra dat God se agenda sy weg sal vind ongeag wat die mens beplan.

Dinsdag 8 Julie 2008

Suid-Afrika sal bo uitkom

Die pessimisme van die afgelope tyd in Suid-Afrika oor 'n moontlike resessie het baie vrees veroorsaak. Dit is waar dat groei sal afneem en daar uitdagings sal wees gedurende 2008 en 2009. Die besturende direkteur van die internasionale graderingsagentskap, *Standard & Poor*, se *graderings* het egter bevestig dat Suid-Afrika se vooruitsig "een van die beter beskermdes is, inaggenome die huidige versteurings (in die ekonomie)."
(Webtuiste: httsp://business.iafrica.com/news/900438.htm). Dank die Here vir Sy guns oor ons ekonomie. Laat ons aanhou bid vir sy guns sodat al die negatiewe invloede van hierdie "versteurings" (elektrisiteitskrisis, politieke onsekerheid ensovoorts) van die afgelope paar maande uitgewis kan word. God kan vir die onmoontlike vertrou word. Hou ook aan met bid dat mense met integriteit sal optree sodat God ons ekonomie sal bly seën.

***G8-beraad 2008*: Hokkaido, Japan**

Op die gebied van ontwikkeling in Afrika, sal die *G8* op gesondheid, water en onderwys fokus. Ten opsigte van gesondheid sal hulle konsentreer op moeder- en kindsorg, sowel as op die tekort aan gesondheidswerkers. Groter samewerking op die gebied van wêreldgesondheid is nodig en leiers moet 'n raamwerk van optrede formuleer om oral die vlak van die gesondheidsorgstelsel te verhoog.

(Webruimte: http://www.g8.utoronto.ca/evaluations/2008hokkaido/2008plan/2008plan.html#africa) Die kwessie van gesondheid, water en onderwys is op hierdie tydstip fundamenteel. Bid asseblief tot God om die deelnemers te inspireer om Sy leiding in hierdie sake te volg. Deurdat hierdie kwessies as 'n wêreldsaak hanteer word, mag geleenthede ook geskep word vir die evangelie om na andersins onbereikte volke te versprei en selfs na lande wat vir die evangelie gesluit is.

Woensdag 9 Julie 2008

'Kankerpil' kan moontlik verspreiding voorkom

Navorsers by die Universiteit van Oklahoma is besig om 'n chemiese verbinding bekend as SHetA2, of Flex-Hets, te toets. Vitamien A speel hier 'n belangrike rol en die kombinasie mag die vorming en verspreiding van kanker suksesvol voorkom. Volgens verslae is die verbinding effektief teen 12 tipes kanker, insluitend kanker van die niere en eierstokke, selfs wanneer dit in 'n laat stadium ontdek is. Terwyl verdere kliniese toetse nodig is, hoop die navorsers om 'n pil te ontwikkel wat as 'n multivitamien daagliks geneem kan word om kanker te voorkom. (Webruimte://newsok.com/article/3199529). Dank die Here dat deurbrake soos hierdie aan wetenskaplikes gemaak word. Vra dat die afhandeling van die toetse suksesvol sal wees. Vra ook vir die spoedige vrystelling van hierdie produk vir die voorkoming en behandeling van kankerpasiënte.

***G8-beraad 2008*: Hokkaido, Japan**

Vandag is die laaste dag van die *G8-beraad* in Japan. Hou asseblief aan om vir hulle te bid. Vra vir God se wysheid in al hulle besprekings, dat die kwessie van wêreldarmoede aangepak sal word, dat daar eerlikheid, opregtheid en vaste voorneme vir praktiese probleemoplossing, sonder oorheersing of manipulasie, in elke hart sal wees. Vra vir die gewilligheid van leiers om na mekaar te luister en in 'n gees van samewerking nuwe voorstelle en idees aan te gryp wat aan God die eer sal gee. Nog sake wat op die tafel is: samewerking met opkomende lande, die Midde-Ooste, maatskaplike dimensies van globalisering ensovoorts. (Webruimte: http://www.g8.utoronto.ca/evaluations/2008hokkaido/2008plan/2008plan.html#africa)

Fokus op die top 10 lande wat Christene vervolg: Ethiopië

Ethiopië neem nou die derde plek in as 'n land wat Christene vervolg. Islamitiese ekstremiste beskou Ethiopië as 'n sleutel om die res van Afrika te wen en het hulle pogings om die land binne te dring geweldig verskerp. Daar is minstens twintig nuwe *Jihad* opleidingsentrums regoor Ethiopië gebou om Moslems op te lei om die radikale Islamitiese agenda deur die land te versprei. Hierdie opleidingsentrums word na berig toegespits op militêre opleiding en die verspreiding van wapens, militêre inligting en propaganda. Dit word vermom as humanitêre dienste, Moslemskole en -weeshuise. Soos wat hierdie Islamitiese ekstremisme gegroei het, het geweld teen Christene ook toegeneem. 'n Voorbedagte veldtog waarin Moslems Christenhuishoudings genader en druk op die Gelowiges geplaas het om hulle tot Islam te bekeer, het tot gevolg gehad dat 1 500 Christene hulle onder dwang tot Islam bekeer het. (Webruimte: www.persecution.org of e-pos: icc@persecution.org).

Donderdag 10 Julie 2008

Prison Broadcasting Network

Prison Broadcasting Network bring lof aan die Here vir die onlangse bekendstelling van hulle televisie-netwerk ('n uitbreiding van hulle bestaande radiostasie, gestasioneer binne Pollsmoor self, wat vir die afgelope agt en 'n half jaar na inwoners in Pollsmoor uitgesaai het). Tronkbewoners sal nou geleer word om toepaslike TV-programme te vervaardig wat daartoe sal bydra dat duisende gevangenes vir Christus bereik sal word deur middel van hierdie pas geïnstalleerde gevangenis-televisienetwerke. Bid asseblief vir deurbrake te midde van teenkanting, vir groei en stabiele, gesonde vennootskappe.(*Prison Broadcasting Network*, Posbus 281, Steenberg, Kaapstad, 7947. Tel.: 021 701 0163 (Truth Studios), sel: 082 488 8345. Webruimte: www.prisonbroadcast.org.za of e-pos: info@prisonbroadcast.org.za).

Tebbu-volk van Sjina

Meer as 20 000 Tebbu woon in een van die mees afgeleë streke van Sjina. Dit is nou reeds meer as 'n halfeeu sedert enigiets oor die Tebbu Christene gehoor is. Daar is geen bewys dat hulle geloof aan die volgende geslag oorgedra is nie. Ongeveer 96% het nog nooit die evangelie gehoor nie. 4% het wel die evangelie gehoor, maar nie Christene geword nie. (*Peoples of the Buddhist World*, Paul Hattaway, bl. 296.) Dit beteken dat hierdie mense bykans 100% onbereik is. Roep saam tot God, dat die Here van die oes werkers beskikbaar sal stel en na hierdie oesland sal stuur. Vra dat hulle harte voorberei en gereed sal wees om die evangelie van Jesus Christus te ontvang en dat Bybelgedeeltes in hulle taal beskikbaar gestel sal word.

Vrydag 11 Julie 2008

***90 Dae van Seën*: Vir die genesing van ons land**

U het die mens gemaak, man en vrou, as U verteenwoordigers op aarde, sodat hy kan heers oor die visse in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip (**Gen.1:26**). U het aan al die mense op aarde die asem gegee, die lewe aan alles wat op die aarde beweeg (**Jes.42:5; Gen.2:7**). U het die mens kos gegee om te eet – al die plante wat saad gee op die hele aarde; ook al die bome wat vrugte dra en saad gee, en elke lewende ding wat beweeg op die aarde, het U aan ons as voedsel gegee om te eet (**Gen.1:29; 9:3; Deut.12:15**). Dit is U, Here God, wat die aarde vrugbaar maak, wat oorvloed graan en wyn gee. U gee wyn om ons harte bly te maak, olie om ons gesig te versorg, kos om ons nuwe krag te gee (**Gen.1:11; 27:28; Ps.104:14,15**). U, Here God, gee water aan die aarde en berei die reën daarvoor. U gee reën op die regte tyd, lente- en somerreëns (**Ps.65:10; 147:8; Deut.11:14**).

U regeer oor die hele aarde (**Ps.97:1**), maar U het die aarde aan die mens gegee as 'n woonplek om oor te heers (**Ps. 115:16; Gen.1:26**). Maar U is bewus van alles wat op die aarde gebeur (**Sag.4:10; Ps.33:13**), U hou slegte en goeie mense dop (**Spr.15:3**). Daar is ook niks in die skepping wat vir U onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor U oë. En aan U moet ons rekenskap gee (**Heb.4:13**). Waar ons nou voor U staan, bely ons dat ons, die mense in hierdie gemeenskap, in ons Godgegewe taak gefaal het. Ons land is verontreinig vanweë ons sonde en opstand teen U (**Gen.6:11-12; Jes.24:4-6**). Wees ons asseblief genadig waar ons, die kinders van God, terugdraai na U om te pleit vir U volkome verlossing (**Rom.8:19-23**) en vir die genesing van ons gemeenskap en ons land (**2 Kron.7:13-15**).

Kry dinge in perspektief

As jy kos in 'n yskas en 'n dak oor jou kop het, is jy ryker as 75% van alle mense op aarde. As jy 'n bankrekening en geld in die bank het, geld in jou beursie en ekstra kleingeld in 'n bakkie, is jy deel van die 8% van die wêreld se top rykste mense. As jy vanmôre wakker geword het en jy redelik gesond is, is jy meer geseënd as baie mense wat nie eers vandag gaan oorleef nie. As jy nog nooit die vrees van oorlog, die eensaamheid van 'n tronk, die angs van marteling of die pyn van honger beleef het nie, gaan dit met jou beter as met 700 miljoen ander mense op aarde. As jy mag kerk toe gaan sonder die vrees vir teistering, inhegtenisneming, marteling of die dood word jy deur drie miljard mense beny en is jy meer geseënd as hulle. Skryf hierdie inligting neer en plak dit waar jy en jou gesin dit daagliks kan sien en onthou om te bid vir die oorgrote meerderheid mense wat swaarkry vandag en elke dag.

Saterdag 12 Julie 2008

Nalatige hantering van staatsfondse blootgelê

Onlangse tesourie-ouditverslae in KwaZulu-Natal het etlike twyfelagtige transaksies en finansiële onreëlmatighede uitgewys. Die opsetlike, nalatige hantering van staatsgeld en ongemagtigde en verkwistende besteding was sommige van die woorde wat die ouditeure gebruik het om die omvang van die probleme te beskryf.

(Webruimte:
http://www.iol.co.za/index.php?newslett=1&em=177813a6a20080206ah&click_id=13&art_id=vn20080206061811623C912285&set_id=1). Dank die Here vir die beantwoording van gebede dat bedrog aan die lig kom. Bid dat hierdie bevindings daartoe sal lei dat mense regoor die land sal besin oor hoe hulle geld wat nie hulle eie is nie, hanteer. Bid vir 'n gewete by elkeen wat met ander se geld werk. Hou aan met bid dat korrupsie aan die lig sal kom en dat baie mense hulle as gevolg daarvan tot Christus sal bekeer.

Harare se weghol inflasie

Zimbabwe se ekonomie het verlede jaar vir die negende agtereenvolgende jaar gekrimp en inflasie het versnel tot 'n rekord 26,471% in November, die hoogste ter wêreld. Inflasie het gestyg nadat die regering kleinhandelaars opdrag gegee het om pryse te verlaag, wat tekorte vererger het. Landbou het verlede jaar met 1,4% gegroei, hoofsaaklik te danke aan hoër tabak- en soja-opbrengste, en sal moontlik met 12,4% hierdie jaar uitbrei as gevolg van goeie reëns en verhoogde meganisasie in dié sektor. (Webruimte: http://www.businessday.co.za/articles/dailymailer.aspx?ID=BD4A696570). Dank die Here vir gebede oor die landbou in Zimbabwe wat verhoor is. Waar hierdie verslag toon dat die toestand begin verander, al is dit tot die kleinste mate. Laat ons nie moeg word om te bid dat die mense van Zimbabwe na die Here sal draai om hulle land van totale ondergang te red nie. Bid vir sonde-oortuiging by mense wat gewetenloos en genadeloos teenoor hulle medeburgers optree.

Sondag 13 Julie 2008

Hoe die Heilige Gees die lewens van die dissipels verander het en hoe dit vandag met jou kan gebeur

Handelinge 21: Hy sal jou van moeilike dinge vorentoe vertel en jou versterk

Toe God vir Agabus 'n boodskap vir Paulus gegee het ('n hoogs erkende en welbekende evangelis op sy dag), het hy nie gehuiwer om dit af te lewer nie. Hy het na die apostel gestap, Paulus se gordel geneem en om sy eie hande en voete gebind. Toe het hy gesê: "So sê die Heilige Gees: Die Jode sal in Jerusalem die eienaar van hierdie gordel net so vasbind en hom aan die heidene uitlewer" (**Hand.21:11**). Die profesie van Agabus het Paulus insig gegee en hom vir die moeilike dae vorentoe voorberei. Hy het egter nie teruggedeins nie, maar verder gegaan op sy pad na Jerusalem. Dit het 'n man gekos wat 'n gevestigde verhouding met God gehad het en in kinderlike afhanklikheid van die Here geleef het om 'n verklaring soos Agabus te doen. Wanneer jy so 'n persoonlike kinderlike verhouding met die Heilige Gees het, sal jy in staat wees om bo die tydelike te sien, en nie eers die dood sal jou bangmaak nie. Het jy so 'n vertroue in God deur Sy Heilige Gees? Is Hy so persoonlik vir jou dat jy soos Paulus bereid sou wees om die dood tegemoet te stap? Die kerk het vandag mans en vroue nodig wat vol kinderlike vertroue in die Here leef. Daardie persoon is nie iemand anders nie. Daardie persoon is ek en jy. Kom kniel voor God en dink weer oor die geloofsverhouding wat jy met Hom het. Is ek en jy bereid om onder die leiding van die Heilige Gees selfs die dood in die gesig te staar? Hy maak ons gewillig en bekwaam om Sy wil te doen (**Fil.2:12-13**).

Vader, ons bely ons gebrek aan geloof en vertroue in die leiding van U Heilige Gees en ons geneigdheid om na onsself te wil omsien. Vergewe ons dat ons nie ons lewens volledig in U hande oorgee nie, selfs tot die dood. Leer my om U wil te doen, want U is my God! Laat U goeie Gees my op 'n gelyk pad lei (**Ps.143:10**).

Maandag 14 Julie 2008

Suid-Afrika in vergelyking met die res van die wêreld

Suid-Afrika is die tuiste van die wêreld se grootste soogdier (olifant), die kleinste soogdier ('n skeerbekmuis die grootte van 'n mens se vingerpunt), 900 voëlsoorte (10% van die wêreld se verskeidenheid op 1% van sy landoppervlakte) asook 'n sesde van alle bekende seediersoorte word gevind in Suid-Afrikaanse waters. (*SA at a Glance,* 2007/8, bl. 9). God het ons land geseën, nie net met ondergrondse hulpbronne nie, maar ook met 'n ryk erfenis van natuurlewe. Dank die Here vir sy guns oor ons land. Vra dat alle Suid-Afrikaners hulle ontsaglike voorreg van rentmeesterskap sal verstaan. Bid vir almal wat verantwoordelik is om te waak oor die beskerming van ons natuurlewe, dat hulle dit sal doen uit eerbied vir die Here.

Herstel van gesteelde kindertyd

Ongeveer 3 000 kinders regoor die wêreld is by gewapende stryd betrokke. Baie van hierdie kinders is ontvoer, bedwelm en gedwing om kindersoldate en seksslawe te wees. Uit Noord-Uganda word berig dat meer as 1,7 miljoen mense a.g.v. die konflik ontwortel is. Dank God vir rehabiliteringswerk onder kinders in nood. Vra dat die toestand sal verander en dat alle ontwortelde mense in hulle gemeenskappe hervestig kan word. Bid dat kindersoldate wat ontvoer en as seksslawe gebruik is, en tans in rehabilitasie is, ware vryheid in Christus sal vind en dat hulle kinderlewe herstel sal word. (*Children at Risk Prayer News.* Webruimte: www.viva.org, www.facesofchildren.net of e-pos: pray@viva.org, info@facesofchildren.net).

Dinsdag 15 Julie 2008

Suid-Afrika moet 20% meer gas van Maputo kry

SASOL, in samewerking met die regerings van Suid-Afrika en Mozambiek, gaan R1,1 miljard belê om 'n gaskompressie-aanleg by Komatipoort te bou om die voorsiening van gas deur Mosambiek aan Suid-Afrika teen die einde van volgende jaar met 20% te verhoog. Die bykomende gas sal gebruik word in die eerste fase van 'n uitbreidingsprojek by *SASOL* se sintetiese- brandstofaanleg in Secunda om die kapasiteit oor die volgende agt jaar met 20% te vermeerder. Volgens *SASOL*, sal 75% van die bykomende kapasiteit vir sintetiese brandstowwe natuurlike gas gebruik wat meer omgewingsvriendelik is, terwyl die res uit fynkoolreserwes sal kom.

(Webruimte: http://www.businessday.co.za/articles/dailymailer.aspx?ID=BD4A699790). Dank die Here vir hierdie en ander soortgelyke projekte en vir die werksgeleenthede wat daardeur geskep word. Bid dat God se guns op hierdie projekte sal rus en dat diegene wat daarvoor verantwoordelik is, met integriteit sal optree en God so sal verheerlik.

Bediening agter tralies

In Oktober 2007 het 'n evangelis in Indië die geleentheid gehad om 18 dae saam met 2 000 tronkbewoners deur te bring. Hy het geleentheid gehad om vir hulle te preek en met hulle te gesels en saam met hulle te bid. Die gevangenes het

boodskappe wat hy uit die Bybel gebring het, ingedrink. Voordat hy die tronk verlaat het, het die gevangenes gesê: "Kom asseblief elke week terug om vir ons te preek en ons omtrent die evangelie te leer. Ons sal toestemming by die tronkowerhede kry." Hy het toestemming om steeds na die tronk te gaan om die Woord te bedien! Bid asseblief dat hierdie en ander bedienings aan die gevangenes sal floreer. Bid ook vir die ekstremiste, dat hulle harte sal versag en hulle oop sal wees vir die evangelie deur ons getuienis. (Webruimte: http://www.gfa.org/ministry-behind-bars).

Woensdag 16 Julie 2008

Deurbraak vir migraine?

'n Baanbreker Suid-Afrikaanse kenner van die behandeling en voorkoming van hoofpyne en migraines het 'n eenvoudige sjirurgiese ingryping verfyn wat pasiënte se lewensgehalte met 'n verstommende gemiddeld van 250% verbeter het! Dit kan 'n reuse deurbraak wees om chroniese hoofpyn en migraine wat miljoene mense se lewens regoor die wêreld beleef, te beëindig. Tydens die prosedure word oppervlakkige bloedvaatjies in die kopvel gekouteriseer (toegeskroei). Hierdie is lank reeds empiries vasgestel as 'n grondoorsaak van migraine.
(http://www.iol.co.za/index.php?newslett=1&em=177813a6a20080205ah&click_id=31&art_id=vn20080205112857907C325894&set_id=1). Dank die Here vir sy guns wat aan ons wetenskaplikes en dokters bewys word met kennis oor hoe om die fisiese welsyn van persone wat aan hoofpyne ly, te verbeter! Bid vir die voltooiing van hierdie navorsing, dank die Here vir die fondse wat alreeds voorsien is en vra dat baie mense God sal loof vir sy verstommende liefde wat op baie praktiese maniere soos hierdie betoon word!

Fokus op die top 10 lande wat Christene vervolg: Saoedi-Arabië

Saoedi-Arabië neem nou die vierde plek in as 'n land wat Christene vervolg. Die land is deur die *Departement van Buitelandse Sake* van die VSA gelys as 'n "country of particular concern". Saoedi-Arabië het betrokke geraak by die uitvoer van die Wahabbi-weergawe van Islam regoor die wêreld deur middel van die bou en befondsing van moskees, madrassas (Islamitiese kosskole) en Islamitiese fundamentalistiese bewegings. Dit lei daartoe dat die wêreld se Moslems al hoe meer radikaal word. Saoedi-skoolkinders word geleer om ongelowiges (nie-Moslems) te vrees en te haat, veral Christene en Jode. Christene ly al hoe meer onder vervolging namate die Saoedi-gemeenskap meer onverdraagsaam word. Terwyl Saoedi's nie meer Christen bekeerlinge tereg stel nie, vervolg hulle Christene hewig in hulle vaderland. (Webruimte: www.persecution.org of e-pos: icc@persecution.org). Dank die Here dat Christen-bekeerlinge nie meer tereggestel word nie. Hou aan bid vir die jong Moslemkinders, dat God hulle oë sal oopmaak om Jesus as hulle Verlosser te sien, sodat miljoene sal kies om Hom te volg.

Donderdag 17 Julie 2008

Aandaggebrek- en hiperaktiwiteitsindroom (ADHD)/Hiperaktiwiteit

Rusteloosheid by babas, aggressie en 'n gebrek aan konsentrasie by ouer kinders sowel as uitputting, skuldgevoel en ernstige allergieë in ouer persone is enkele simptome wat mag dui op *ADHD*. Dieet het klaarblyklik 'n groter invloed op beide die probleem en oplossing as wat die meeste mense besef. Die twee hoof-oorsake is blykbaar die afwesigheid van essensiële vetsure in die dieet en die inneem van kunsmatige kleurstowwe en geurmiddels. Drie gebalanseerde maaltye en versnaperings tussenin bevorder glo beduidend "aktiewe konsentrasie" en optimale gedrag. Minder suiker en 6-9 porsies vars vrugte en groente behoort glo daagliks geëet te word. (Webruimte: http://wellness.oppiweb.com/childrens_needs.html). Bid vir ouers met kinders en persone wat aan *ADHD* ly. Dit is dramaties uitputtend en verg God se krag en geduld. Vra vir insig in hulle individuele en unieke omstandighede. Bid ook dat ouers noukeurige aandag sal gee aan dit wat hulle kinders eet en gevolglik 'n behoorlike en gesonde dieet as 'n leefwyse by hulle sal aankweek.

Nghari van Tibet

Al is die bevolking slegs ongeveer 50 000, word die Nghari Tibettaanse taal oor 'n wye gebied van Wes-Tibet gepraat. Wes-Tibet is 'n heilige plek vir die volgelinge van die vier gelowe nl: Boeddhisme, Hindoeïsme, Janisme en Bon. Die eerste opgetekende Tibetaanse kerk is in 1726 deur Jesuïtiese sendelinge in Lhasa gebou. Vandag is daar geen bekende Christene onder die Nghari Tibettane nie. Slegs 5% het die evangelie gehoor maar het nie Christene geword nie. (*Peoples of the Buddhist World*, Paul Hattaway, bl. 327). Dra die Nghari-mense van Wes-Tibet in gebed aan die Here op en vra God vir 'n deurbraak van die evangelie en die vertaling van Skrifgedeeltes in hulle moedertaal. Vra ook vir sendelinge om hulle lewens aan 'n bediening onder die Nghari te wy.

Vrydag 18 Julie 2008

***90 Dae van Seën*: Berou oor bloedskuld**

Here God, U is genadig en barmhartig, lankmoedig, vol liefde en trou. U vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde (**Eks.34:6-7**).

Ontferm U oor ons, want selfs in die uithoeke van die land is daar verdrukking én die aarde is korrup in U oë en vol geweld (**Ps.74:20; Gen.6:11,12; Jes.24:12**). Ons land is vol bloedige onreg, ons dorpe en stede is vol geweld en ongeregtigheid en ons en vorige geslagte het lewe met te min respek behandel (**Eseg.7:23; Hab.2:12**). Vanweë die bloedskuld a.g.v. moord, oorloë en aborsies, het baie mense swerwers en vlugtelinge geword (**Gen.4:11,12**). Die aarde is vervloek en lewer nie sy vermoë wanneer ons dit bewerk nie. Die hemel het soos brons en die aarde soos yster geword (**Gen.4:12; Deut.28:23; Ps.107:34**). U haat hande wat bloed vergiet, en beantwoord nie die gebed van dié wat bloedskuld aan hulle hande het nie (**Spr.6:17; Jes.1:15**; **59:3**).

Here, ons Verlosser, vergewe ons asseblief vir al die bloedvergieting onder ons nasie en in hierdie gemeenskap; verwyder die vloek van bloedskuld uit ons land, was ons deeglik van ons ongeregtigheid, en reinig ons van ons sonde (**Joël3:21; Ps.51:4,16**). U laat oorloë ophou wanneer U nasies oordeel en bestraf (**Ps.46:10; Miga4:3**). Wees ons genadig en vestig U koninkryk in ons gemeenskap en ons land sodat die Prins van Vrede in ons midde sal heers en regeer (**Jes.9:6; Sag.9:10; Rom.14:17**).

Geestelike behoeftes in Thailand

Thailand is in sy hart 'n godsdienstige land met Boeddhisme as die geloof van meer as 90% van die bevolking. Ineengeweef met Boeddhisme is 'n stelsel van verdienstelikheid en die tevrede stel van geeste. Dit is gewoonlik oral te sien in dinge soos huisaltare vir die geeste tot gelukbringers wat vir beskerming gedra word. Die Bybel is in Thai vertaal, maar na vier eeue wat die Christendom in die land teenwoordig is, is slegs 1,6% van die bevolking Christene. Baie mense beskou bekering tot die Christendom as 'n verwerping van hulle nasionaliteit, hulle familie en vriende. Die Christelike geloof word ook as 'n uitlandse geloof beskou wat niks beters bied as dit wat hulle reeds het nie. Hou aan om saam met ons te vertrou dat ons as medewerkers van God daarna sal streef om die evangelie op Thai-vriendelike maniere aan te bied en dat duisende kinders, grootmense en veral ou mense Christus as hulle Saligmaker sal aanneem.

Saterdag 19 Julie 2008

Suid-Afrikaanse damme voldoen nie aan veiligheidstandaarde

Volgens die *Departement van Water en Bosbou* voldoen meer as die helfte van Suid-Afrika se openbare damme, insluitend die grootste – die 5,3 miljard kubieke meter Gariepdam – nie ten volle aan moderne veiligheidstandaarde nie. In Oktober 2007 het 160 van die 294 regeringsdamme nie aan huidige veiligheidstandaarde voldoen nie. Die meerderheid van die damme is 50 jaar oud.
(Webruimte: http://www.mg.co.za/articlePage.aspx?articleid=331651&area=/breaking_news/breaking_news__national/). Water is 'n skaars hulpbron in Suid-Afrika. Bid asseblief vir hierdie toestand, dat die nodige praktiese maatreëls betyds oorweeg en deurgevoer sal word in verband met die instandhouding en opgradering van alle Suid-Afrikaanse damme. Vra dat diegene in die betrokke verantwoordelike posisies spoedig en met integriteit sal optree om die probleem in sy geheel onder die oë te sien, asook vir die bou van nuwe damme om in die bevolking se toenemende vraag na water te voorsien.

Egipte erken Christen-bekeerlinge

Twaalf Egiptiese bekeerlinge tot die Christendom se bekering is amptelik deur 'n Egiptiese hof erken! Die 12 is gebore as Koptiese Christene, het hulle toe tot Islam gewend en het later weer hulle oorspronklike geloof teruggeneem. Die erkenning van hulle nuwe geloof deur die hoogste siviele hof in Egipte het 'n laer hof se uitspraak van April 2007 omgekeer waardeur hulle verbied is om hulle tot die Christendom te bekeer op grond daarvan dat dit geloofsversaking sou wees. Die uitspraak word beskou as 'n klein oorwinning vir voorstanders van menseregte in Egipte.
(Webruimte: http://www.jpost.com/servlet/Satellite?cid=1202625820984&pagename=JPost%2FJPArticle%2FshowFull) Prys die Here vir hierdie deurbraak! Vra dat ander Moslemlande gou die voorbeeld sal volg. Wanneer Moslems hulle tot die Christendom bekeer, word hulle gewoonlik voëlvry verklaar en is hulle lewens van geen waarde nie. Bid dat die vreeslose optrede van hierdie herbekeerde Christene ander sal inspireer om te volg.

Sondag 20 Julie 2008

Hoe die Heilige Gees die lewens van die dissipels verander het en hoe dit vandag vir jou kan gebeur

Handelinge 22: Hy sal Jesus Christus aan jou openbaar

'Saul, Saul, waarom vervolg jy My?' 'Wie is U, Here?' het ek gevra. 'Ek is Jesus van Nasaret,' het Hy my geantwoord. 'Dit is vir My wat jy vervolg' (**Hand.22:7-8**). Paulus sou nooit hierdie oomblik vergeet nie. Net soos baie van ons vandag, was Paulus opreg in sy strewe om Christene te vervolg – maar opreg verkeerd. Alhoewel Paulus sy verset teen Christus tot die uiterste gevoer het, was hy nie anders as baie van ons in die dae voordat ons die Here Jesus Christus ontmoet het nie. Paulus het die opgestane Christus gesien, en dit het hom van die waarheid van die evangelie oortuig. Uit 'n veranderde herkenning het 'n veranderde opdrag gekom: *Die God van ons voorvaders het jou uitgekies om sy wil te ken, die Regverdige te sien en sy stem te hoor, want jy sal vir alle mense sy getuie wees van wat jy gesien en gehoor het* (**Hand.22:14-15**). Wat 'n uiterste genade wanneer God besluit om ons misplaaste opregtheid te verander om sy doelwitte op sy manier tot vervulling te bring! Elkeen van ons het al op die een of ander manier of tyd die waarheid van God teengestaan hoewel ons baie opreg was. Wanneer Jesus Homself deur die Heilige Gees openbaar, verander ons insigte en ons twyfel nooit weer aan die waarheid nie. Het jy al God se werk op enige manier teengestaan? Selfs as Christene kan ons soms in Sy pad staan. Kyk na jou lewe. Bestee tyd met die Woord van God. Hierdie Woord is 'n tweesnydende swaard, dit dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. Niks is verborge voor sy aangesig nie, maar alle dinge is oop en bloot voor die oë van Hom aan wie ons rekenskap moet gee (**Heb.4:12-13**).

Vader, ons besef vandag net soos Paulus dat daar tye is wanneer ons die werk van U koninkryk teenstaan, of dit in onsself of in die lewens van ander of in U kerk is. Wys ons asseblief waar ons U werk teenstaan. Openbaar deur U Woord aan ons die verkeerde gedagtes en bedoelings van ons harte, sodat ons hierdie dinge kan regmaak om U Naam te verheerlik.

Maandag 21 Julie 2008

Suid-Afrikaners keer terug

Emigrasieprokureurs en vervoermaatskappye beweer dat honderde mense die land verlaat as gevolg van pessimisme oor misdaad, die ekonomie en die politieke toestand. Daar is egter 'n tweede waarheid: in Januarie alleen is 'n toename van 20% ondervind in navrae van burgers oorsee wat wil terugkeer huis toe. In plaas van te wag vir dinge in die land om te verbeter, wil diegene wat huis toe kom, dit doen omdat hulle wil help om dinge beter te maak. (Webruimte: http://iafrica.com/news/sa/900037.htm). Dank die Here vir die beantwoording van ons gebede van vorige maande. Vra dat diegene wat terugkeer goeie geleenthede sal hê om hulle dankbaarheid teenoor die Here uit te leef en prakties (op grondvlak) bereid sal wees om dinge te help verander. Vra dat baie mense hulle vertroue in die Here sal stel om die negatiewe situasie in ons land te verander.

Evangeliese Duitssprekende Christene in Europa bid

Gedurende Januarie hierdie jaar het ongeveer 350 000 Christene in Duitsland bymekaargekom vir gebedsbyeenkomste, 5 000 in Oostenryk en 50 000 in Switserland. Hoog op die agenda is uitreikprogramme in Oostenryk en Switserland hierdie somer met die oog op die Europese Sokkerbeker. Plaaslike kerke is aangespoor om kerke van etniese minderhede en immigrante by hulle bediening in te skakel. Bid vir die kerk regoor Europa wat op die uitkyk is vir geleenthede om die evangelie met ander te deel. (*The Prayer Alert Team*, e-pos: andy@prayer-alert.ccsend.com). Dank die Here vir hierdie en ander inisiatiewe in Europa om die kerk op te roep vir die hoop wat sy roeping in Christus inhou (**Ef.1:18**).

Dinsdag 22 Julie 2008

Eiendomsmark in townships

Nuwe navorsing oor eiendomsagente in townships het getoon dat die huismark daar totaal van die tradisionele huismark verskil. Advertering word per hand gedoen, daar is geen skouhuise nie as gevolg van veiligheidsredes en waardebepaling word gratis gedoen ten einde besigheid te bekom. Ten spyte van hierdie moeilikhede, het bedrywighede in Soweto (die getal lenings wat deur 'n bank by die aktekantoor geregistreer is) met 20% toegeneem vanaf die laaste kwartaal van 2006 teenoor dié van 2007 en dit net by een bank in Suid-Afrika.

(Webruimte: http:// www.dieburger.com/Stories/Features/17.080897259.aspx). Hierdie toename beteken dat meer arm mense eiendom kan koop. Verder spoor dit beter rentmeesterskap aan, want huiseienaars sorg goed vir dit wat hulle besit. Dank die Here vir hierdie positiewe tendens onder die armer mense van ons land. Vra ook dat daar by ons mense groter respek vir mekaar se eiendom sal wees.

***Ethnê onbereikte groepe-projek*: Mins bereikte nasies van die Amerikas/Karibiese gebied**
Kanada het die grootste persentasie van die bevolking van mins bereikte mensegroepe, 4,6% in 16 groepe (amper 1,5 miljoen mense). Die *Verenigde State* het die grootste bevolking van mins bereikte mensegroepe. In Meksiko is daar byna 0,5 miljoen in 18 mensegroepe. God word nooit deur feite oorweldig nie. Laat ons dus tot Hom roep vir wie niks onmoontlik is nie. Vra dat die kerk in Noord-Amerika en die Karibiese gebied God sal vasgryp vir die verlossing van hierdie mensegroepe in hulle midde. Bid dat baie mense hulle lewens sal wy aan wat ook al nodig is om die mins bereikte mense van ons tyd in hierdie generasie te bereik. (Webruimte: http://www.Ethne.net/Helps/Regions
of www.joshuaproject.net/Ethne_globalregion.php of e-pos: Ethne06@Ethne.net).

Woensdag 23 Julie 2008
Sendelinge ly onder geweld
Die 65-jarige vrou van 'n sendeling in Mokopane is vroeër vanjaar in haar huis vermoor. Dit is totaal onbekend waarom dit gebeur het aangesien sy 'n baie liefdevolle persoon in die gemeenskap was en nie enige vyande gehad het nie. (Webruimte: http://www.news24.com/Beeld/Suid-Afrika/0,,3-975_2268061,00.html). Laat ons daaraan dink en vandag vir hierdie familie en baie ander bid wat 'n geliefde deur misdaad verloor het. Onthou ook om te bid vir sendelinge wat in ons eie land werk, wat getrou diegene sonder Christus dien en nuwe Gelowiges dissipels maak. Bid vandag tot God om te voorsien in die praktiese behoeftes van sendelinge wat op die oeslande van Suid-Afrika werk. Vra ook vir hulle beskerming, vir guns op hulle bedieningsterrein en vir baie vryheid om die evangelie te verkondig.

Fokus op die top 10 lande wat Christene vervolg: Somalië
Somalië neem nou die vyfde plek in as 'n land wat Christene vervolg. Somalië is 99,5% Moslem en die ergste vervolger van Christene in die hele Afrika. Om openlik jou geloof in Christus in hierdie land te verklaar is 'n doodsvonnis. Met geen sentrale regering om stabiliteit te bring nie, het oorlogstokers hulle eie owerheid in die hoofstad van Mogadishu gevestig, waar hulle teen mekaar veg vir groter beheer en invloed. In Junie 2006 het die *Unie van Islamitiese Howe (UIC)*, 'n militante Islamitiese beweging, beheer van Mogadishu oorgeneem. Hulle het 'n doodsdekreet uitgevaardig vir enigeen wat nie die opdrag gehoorsaam om Allah vyf maal per dag te aanbid nie. Volgens onlangse gebeure wil dit voorkom of die *UIC* gedisintegreer het onder 'n nuwe aanslag. (Webruimte: www.persecution.org of e-pos: icc@persecution.org). Bid asseblief vir die beskerming van Christene in Somalië en dat hulle getrou sal bly te midde van vervolging. Bid vir die leiers van *UIC* en ander faksies, dat hulle die geleentheid mag kry om hulle tot die Here Jesus te bekeer.

Donderdag 24 Julie 2008
International Sports Leadership School (ISLS)
Die *International Sports Leadership School (ISLS)* vind van 25 Julie -17 Oktober in Stellenbosch plaas. Leiers van verskillende lande wat die evangelie deur middel van sport uitdra, ontvang opleiding in die verstaan van die Skrif, evangelisasie, dissipelskap en sportbediening. Bid asseblief vir elke leier se intieme verhouding met die Here, span-eenheid, hantering van kultuurverskille en hulle ontwikkeling as sportbedieningsleiers. (*International Sports Leadership School*. Tel.: 021 886 7335, e-pos: isls@adept.co.za).

Shnyan-mensegroep van Noordwes-Sjina
Meer as 20 000 mense woon in die buitengewoon afgeleë Shanyan-gebied van die Baiyu-distrik in Sjina se noordwestelike Sichaun-provinsie. Hulle behoort tot die minder bekende Shanyan Tibettaanse etniese groep. Die Shanyan Tibettane is totaal onbereik deur die evangelie. Hulle lewer een van die grootste uitdagings van al die Boeddhistiese groepe in die wêreld vandag. (*Peoples of the Buddhist World*, Paul Hattaway, bl. 337). By God is niks onmoontlik nie. Wil jy nie oor die volgende sewe dae tyd maak om elke dag te bid vir deurbrake vir die evangelie en Skrifvertaling onder hierdie mense nie?

MANNE IN DIE BRES
Dit is interessant om te sien hoeveel gebedsinisiatiewe die afgelope paar maande in ons land tot stand gekom het: In Pretoria het 'n groep van vier mans in Januarie 2007 begin om saam te bid. Hierdie groep het uitgebrei tot tussen 200-250 mans wat een keer per week bymekaar kom om saam te bid. In Januarie het 'n groep Gelowiges van alle denominasies en 'n aantal organisasies in Centurion bymekaargekom om vir die land te bid. Dit was 'n baie besondere geleentheid. Daar is talle voorbeelde van mense wat bymekaarkom om met alle soorte gebede saam te bid (**Ef.6:18**).

As 'n uitvloeisel van hierdie inisiatiewe is die behoefte uitgespreek om mans aan te moedig om op 'n gereelde basis vir sake van belang te bid, nie slegs persoonlike sake nie, maar om in gehoorsaamheid aan God vir hulle gesinne en ons nasie in die bres te gaan staan (**Eseg.22:30**). (Ons sal van hierdie maand af enkele praktiese voorstelle maak wat jou rigting kan gee om God in gebed aan te gryp en in te tree vir verskillende sake.)

Wil jy dit nie oorweeg om op 'n gereelde basis oor sommige van hierdie kwessies te bid nie, byvoorbeeld elke Donderdag? Onthou, jy hoef nie noodwendig 'n byeenkoms te reël op die dae wat hier genoem word nie. Die heel belangrikste is dat mans regoor ons land sal begin om deur gebed stelling in te neem en dit op 'n gereelde basis te doen. Oorweeg dit om een dag per week te vas of om een ete per dag vir bv. drie dae oor te slaan of soos die Here jou ook al mag lei. Sê vir God op hierdie manier dat jy ernstig is om Sy koninkryk op die aarde te sien kom. (NB Moet egter nooit hiervan 'n wet vir jouself of ander maak nie).

Wêreldwye *Bruidegomsvas* (**Matt.9:15**)
Miljoene Boeddhiste, Hindoes en Moslems bid en vas met 'n intensiteit wat onbekend aan die Westerse kerk is. Jesus wil hê dat die kerk wêreldwyd onverskrokke sal opstaan in haar identiteit as Sy bruid. Hy begeer dat Sy bruid haar heelhartig en in suiwerheid aan vas, gebed en aanbidding sal toewy om die evangelie met krag te verkondig, siekes te genees en die armes te bedien. Die *Bruidegomsvas* vind elke jaar 40 dae lank regoor die wêreld plaas, soos volg: die eerste Maandag, Dinsdag en Woensdag van elke maand – drie dae elke maand en dan die sewe dae in Desember.

Waarvoor bid ons?
1. Vervulling met die Heilige Gees en eenheid in die kerk (**Joh.17:2-23**).
2. Geestelike deurbrake in die kerk regoor die wêreld met ongeëwenaarde eenheid, reinheid en krag.
3. Die Groot Oes (**Matt.24:14**). Vra saam met ander Christene dat meer as 'n biljoen mense deur die krag van die Heilige Gees deur Jesus na God sal kom.
4. Herlewing onder die jeug (**Mal.4:6**). Vra vir 'n wêreldwye herlewing, veral onder die armes op aarde.
5. Herlewing vir Israel (**Rom.9-11**). Bid vir die vervulling van al die beloftes van die profete aan Israel en die gebedshuise in Israel (**Jes.62:6-7**).
6. Om 24 uur te bid vir die vestiging van gebedshuise in elke stad van die wêreld (insluitende Israel) (**Luk.18:7-8**).
7. Rykdom van die nasies (**Hag.2:7-9**). Beskikbaarstelling van finansies vir gebedsinisiatiewe, die oes en die armes.
8. Die muur van vuur (**Sag.2:5**). Goddelike beskerming van alles wat uit gebed gebore word: *Daar is donkerte oor die aarde, duisternis oor die nasies, maar oor jou gee die Here lig, oor jou verskyn Sy magtige teenwoordigheid* (**Jes.60:2**).
9. Die *Vervolgde Kerk* (**Ef.3:10**). Vra vir genade vir die kerk om getrou te bly, in waarheid te groei en haar posisie in die Here Jesus Christus in te neem, Hy wat die kerk geseën het met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is (**Ef.3:10**).
10. Dank die Here, roep Sy Naam aan; maak aan die nasies bekend wat Hy gedoen het (**1 Kron.16:8**). Onthou om God gereeld te dank - Hy wat getrou is en gebede verhoor.

Vrydag 25 Julie 2008
***90 Dae van Seën*: Berou oor afgodery**
Here van die leërskare, U is God, U alleen. U het hemel en aarde gemaak (**Jes.37:16**). Daar is buiten U geen God nie; net U is 'n God wat regverdig is en red (**Jes.45:21**). Maar die mense, al weet hulle van U, het U nie as God erken en geëer nie. Met ons redenasies bereik ons niks, en deur ons gebrek aan insig bly ons in die duister. Ons en die vorige geslagte het die waarheid van God verruil vir 'n leuen. Ons dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper (**Rom.1:21,25**). Al die nasies het vreemde afgode om hulp gevra (**Ps.44:21**). Deur afgodery, gierigheid en self-aanbidding, het ons die land besmet (**Kol.3:5; Ps.106:39; Eseg.22:4; 36:18**). U het gesê dat ons nie vir ons 'n afgod mag maak nie; ook nie 'n mensgemaakte beeld of 'n heilige monument of pilaar of gegraveerde klip en dan daarvoor buig nie, want U is God (**Lev.26:1**).

Nou, o God, pluk ons die vrugte van ons sondes. Droogtes teister ons, hongersnood verniel die volke, oorloë woed tussen nasies en ekologiese rampe verwoes ons land, want ons het troueloos gehandel en is ver van U (**Eseg.14:12-21; Jer.2:5**). Here, ons is skaam oor dit wat ons gedoen het. Ons sonde is hoog opgestapel, ons misdade staan hemelhoog (**Esra9:6,7**). Ons het gesondig, net soos ons voorvaders, ons het verkeerd opgetree, ons is skuldig. Wees ons asseblief genadig en vergeef ons ons sondes (**Ps.106:6**). Reinig ons asseblief van al ons onreinheid en al ons afgode (**Eseg.36:25,26**). Verwyder

die name van ander gode van ons lippe en uit ons harte, rig 'n suiwer en vlekkelose kerk op wat U wysheid sal openbaar aan elke mag en gesag in die hemelruim (**Hos.2:17; Ef.3:10**).

Bid vir die vrede van Jerusalem

Jerusalem word ongeveer 800 keer in die Bybel genoem as die stad van die groot koning, die stad van die Here van die leërskare, die stad van ons God, die stad wat God vir ewig sal vestig ensovoorts (**Ps.48**). Een van ons verantwoordelikhede as Christene is om vir die vrede van Jerusalem te bid (**Ps.122:6-9**). Here, U is groot en waardig om geprys te word, in die stad van ons God, Sy heilige berg. Dit is lieflik in sy verhewenheid, die vreugde van die hele aarde. Soos die uiterste hoogtes van Zaphon is Berg Sion, die stad van die Groot Koning. God is in haar vestings; Hy het Homself getoon as haar sterkte. Toe die konings saamgestaan het, toe hulle saam nader gekom het, het hulle haar gesien en was verstom; hulle het uit vrees gevlug (**Ps.48:2-6**). Here, ons bid vir die vrede van Jerusalem en vir nasies om te sidder voor U teenwoordigheid onder U mense. Draai ook hulle harte terug na U, hulle ewige Koning deur Jesus, U seun. (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. E-pos: allwiese@lantic.net).

Saterdag 26 Julie 2008

Precept Ministries SA

Precept Ministries is 'n bediening wat deur God geroep is om mense toe te rus met Sy Woord. Tans vertrou hulle die Here om Afrika-nasies wat in die nood verkeer met inleidende studiehulpmiddels te seën. Dank die Here vir hierdie verstommende inisiatief wat letterlik God se Woord op 'n baie eenvoudige manier lewendig maak in die harte van mense. Bid asseblief dat God sal aanhou om deure oop te maak wat hierdie bediening moontlik sal maak en dat dit baie vrug sal dra. (*Precept Ministries S.A.*, Posbus 539, Howard Place, 7450. Tel./faks: 021 531 1836, e-pos: info@precept.org.za).

***Far East Broadcasting Corporation (FEBC) se Family FM* wen harte in Kambodja**

FEBC's Cambodian Christian Radio Station, *Family FM*, saai die evangelie daagliks na 6,5 miljoen mense in die hoofstad Phnom Penh in Kambodja uit. Loof die Here vir die duisende mense wie se lewens aangeraak is deur die gebeure na 'n sokkertoernooi wat deur *Family FM* in die hoofstad se stadion gereël is. Loof God vir die baie siele wat bereik is en bid vir nog baie meer om tot 'n verlossende kennis van Jesus te kom soos hulle aanhou met luister na die daaglikse uitsendings. (*FEBA Radio SA*, Posbus 26270, Gezina, 0031. Tel.: 012 335 5708, faks: 012 335 8134. Webruimtes: www.febaradio.co.za, www.febc.org of e-pos: febasa@corpdial.co.za).

Sondag 27 Julie 2008

Hoe die Heilige Gees die lewens van die dissipels verander het en hoe dit vandag vir jou kan gebeur

Handelinge 23: Hy sal geleenthede vir jou skep om te getuig

Die Joodse leiers in Jerusalem was in so 'n oproer oor Paulus dat die Romeinse offisier gedink het die gepeupel sou hom met geweld doodmaak. In die middel van daardie krisis, sê die Skrif: *Die Here (het) by Paulus gestaan en vir hom gesê: 'Hou moed! Hier in Jerusalem het jy vir My getuig. So moet jy dit in Rome ook nog doen'* (**Hand.23:11**). Vanweë God se krag oor sy lewe, is Paulus voor die keiser gebring en het hy van Jesus Christus getuig. God het op bonatuurlike wyse deure vir hom oopgemaak en hom in 'n groter dimensie van invloed oor manne met mag en gesag gegee ter wille van Sy eer. Baie mense vra vandag of God regtig nog met mense praat. Die antwoord is duidelik "ja!" want God se Woord sê so. God praat nie met alle mense in 'n hoorbare stem soos in hierdie geval nie, maar Hy praat beslis vandag nog. Glo jy dat God met jóu kan praat? Glo jy dat Hy met jou wíl praat? Iemand het eenkeer vir my gesê: God wil met jou en my praat meer as wat ons Hom wil hoor. Die God van die heelal wil met jou en my persoonlik praat en beslis ook in die middel van 'n krisis. Rig jou hart vandag op God, vra Hom om deur die Woord en deur Sy Heilige Gees op so 'n wyse met jou te praat dat jy vir seker sal weet dit is Hy wat praat, en neem sy woorde met blydskap aan (**Matt.13:20**).

Vader van ons Here Jesus Christus, ons bely ons ongeloof dat U nie meer persoonlik belang by ons lewens het nie, veral ook nie wanneer ons 'n krisis beleef nie. Ons kies om ons harte en verstand op U te rig en vertrou U om in en deur U Woord met ons te praat. Vermeerder ons geloof en leer ons om U meer en meer te vertrou.

Maandag 28 Julie 2008

Petra Kollege

Petra Kollege is toegewy aan die bediening aan kinders en glo dat 'n deel van die antwoord op die krisis in samelewings regoor die wêreld lê in die bring van die Woord van God aan kinders vanaf 'n vroeë ouderdom. Kinders onder die ouderdom

van 15 jaar maak ongeveer 34% van Suid-Afrika se bevolking uit en tot soveel as 50% van die bevolking van sommige Afrikalande. (*Petra College*, Privaatsak X9906, Witrivier, 1240. Tel.: 013 751 1166/7 of 013 751 1575, faks: 013 750 0906. Webruimte: www.petra.givengain.org of e-pos: info@petra.co.za). Dank die Here vir bedienings soos hierdie. Bid vir hulle vir die nodige hulpbronne (fondse en personeel) om getrou aan te hou om hierdie saak wêreldwyd aan te pak. Vra vir gunstige reaksie van kinders, hulle ouers en gemeenskapsleiers, veral in afgeleë gebiede.

Boetan: *JESUS Film* raak afgeleë dorpies

Die klein en onbekende Boeddhistiese koninkryk van Boetan is gevestig in die afgeleë Himalajas. Die meeste van die meer as 40 stamme en etniese groepe van Boetan is feitlik ongeëvangeliseer. Om sommige stamme in die afgeleë gebiede van Boetan te bereik, verg 'n reis van 2 weke of meer. Onlangs, egter, is die *JESUS Film* deur onverskrokke Christene gebruik om mense in Boetan aan die evangelie voor te stel. 'n Toordokter in een van die dorpies en 10 van sy familielede het besluit om hulle afgode te laat vaar en Jesus te volg. Die bekering van hierdie hoogs gerespekteerde en invloedryke man het wydverspreide gevolge gehad en mense van omliggende dorpies het ook besluit om Jesus te volg. (News Bytes, e-pos: newsbytes@yahoogroups.com). Prys die Here vir hierdie deurbraak onder Boeddhiste! Bid vir die klein groepies Christene wat verrys in plekke waar niemand tot onlangs nog die evangelie gehoor het nie, dat hulle 'n honger na die Woord van God sal hê en hulle sal groei.

Dinsdag 29 Julie 2008

Poging om onderwysers te lok

Die regering het R500 miljoen opsy gesit om gekwalifiseerde onderwysers te lok en te vergoed om te gaan werk in skole waarheen min wil gaan: afgeleë, arm en moeilike plattelandse en stedelike gebiede. Skole met 'n chroniese tekort aan opvoeders in vakke soos wiskunde, wetenskap, inligtings- en kommunikasietegnologie en party tale kan ook daaruit voordeel trek. Hierdie plan van vyf jaar gelede is nou in werking gestel, en kan tot 46 700 poste bevoordeel. Implementering sal berus by die nege provinsiale onderwysdepartemente.

(Webruimte: http://www.mg.co.za/articlePage.aspx?articleid=331294&area=/insight/insight__national/). Dank die Here vir antwoorde op gebed vir onderwysgeleenthede vir armer gemeenskappe. Bid vir hierdie projek, dat dit werklik suksesvol geïmplementeer sal word en die gewenste resultate sal hê. Vra vir Christen-onderwysers om hierdie onbaatsugtige en opofferende taak as deel van hulle roeping op te neem om die evangelie aan afgeleë gebiede in ons land te bring.

Nuwe skole begin in Indië

'n Totaal van 67 *Dalit Education Centers* is sedert verlede jaar geopen. *Operation Mobilization India (OMI)* se langtermyndoelwit is om 100 skole te begin as deel van die *All India Christian Council* se doelwit van 'n minimum van 1 000 skole landwyd. Nuwe onderwysers is toegerus met gespesialiseerde vaardighede wat nodig is om onder die Dalit-gemeenskap te werk. (Global Prayer Update, 01/12/07. *Operation Mobilization*, Webruimte: www.omusa.org of e-pos: globalprayerupdate@yahoogroups.com). Laat ons aanhou bid sodat die bedryfsuitgawes van elke skool gedek kan word en elke leerling ten volle geborg word. Bid dat onderwysers die gespesialiseerde vaardighede wat nodig is om onder die Dalits te werk, sal bekom en dat hulle lewens 'n getuienis tot Sy eer sal wees. Vra die Here ook om Christenleiers onder die Dalit-leerlinge na vore te laat kom wat in staat sal wees om die evangelie doeltreffend in hulle kultuur te bedien in die jare wat kom.

Woensdag 30 Julie 2008

Parlement stem in om aborsiewet te verslap

Die parlement het wetlike veranderings goedgekeur om dit makliker te maak om aborsies te bekom, ten spyte van kritiek van teenstanders wat gesê het dat die wet alreeds te toegeeflik is. Die veranderings maak voorsiening vir 24 uur-aborsie geriewe en doen weg met vooraf goedkeuringsprosedures. Dit laat nou alle verpleegsters toe om swangerskappe te beëindig, nie net meer vroedvroue nie. Meisies so jonk as 12 jaar kan 'n aborsie hê binne die eerste 12 weke van swangerskap en in sommige gevalle tot op 20 weke.

(Webruimte: http://www.thestar.co.za/?fSectionId=&fArticleId=nw20080207164429860C596583). Laat ons sonder vrees volhard in gebed oor sake soos hierdie en vir ons land in die bres tree voor die troon van God (**Eseg.22:30**). Laat ons vra dat Sy geregtigheid en reg gehandhaaf sal word in die besluitnemingsprosesse in ons land (**Ps.89:15**).

Fokus op die top 10 lande wat Christene vervolg: Iran
Iran neem nou die sesde plek in as 'n land wat Christene vervolg. Gedurende die afgelope 500 jaar is Christene verag en onderdruk. Vandag word Christene steeds gekonfronteer met onverbiddelike druk deur die *Ministry of Islamic Guidance*. Vyf-en-twintig jaar van anti-Westerse, anti-Christen propaganda het egter baie Moslems ontvanklik gemaak om na alternatiewe vir Islam te soek. Irannese is meer ontvanklik vir die evangelie as ooit van tevore. Terwyl daar voor die rewolusie waarskynlik slegs 500 Gelowiges uit 'n Moslem-agtergrond was, is daardie syfer nou tussen 4 000 en 20 000. (Webruimte:www.persecution.org of e-pos: icc@persecution.org). Dank die Here vir die veranderinge wat reeds gekom het in antwoord op die gebede van baie Christene vir baie jare. Hou aan bid vir Christene wat in Iran vrees vir hulle lewens, dat hulle getrou sal bly aan die Here Jesus, en guns sal geniet om baie ander vir Sy koninkryk te wen.

Donderdag 31 Julie 2008
Suid-Afrika in vergelyking met die res van die wêreld
Voorbereidings vir die *Wêreldsokkerbeker in 2010* is alreeds onderweg met die ingebruikneming van moderne stadions en beter vervoerstelsels. Konstruksie het begin aan 'n klein, ontsaglike duur snelspoortreinstelsel in Gauteng. Spertye is streng, maar glo haalbaar. Die projekte gee stukrag aan die ontwikkeling van infrastruktuur en werkverskaffing. Die 2010-gebeurtenis is 'n reuse uitdaging vir 'n klein nasionale ekonomie. (*SA at a Glance* 2007/8, bl. 13-14). Dank die Here vir werksgeleenthede vir baie. Bid asseblief ywerig dat spertye gehaal sal word en dat die konstruksie van alle projekte sonder verliese sal plaasvind. Vra ook vir God se guns en beskerming op ons ekonomie, dat nie een van die moontlike risiko's ons sal lamlê nie.

Wutun
Tibettaanse Boeddhisme is die enigste geloof onder die geraamde 2 000 Wutun-mense. Hulle is fanaties godsdienstig. Hulle hele etniese identiteit is verweef met hulle geloof. Die Wutun het 'n byna algehele gebrek aan kennis omtrent die bestaan van die Christendom. Daar is geen ander geloof onder die Wutun behalwe Boeddhisme nie. Een van hulle se eie woorde: "Toe ek 'n klein seuntjie was, het ek iets van hierdie Jesus-geloof gehoor, maar ek het dit nie verstaan nie. Ons is nie in enige nuwe godsdiens geïnteresseerd nie, want ons weet ons het die beste en enigste ware godsdiens in die wêreld." (*Peoples of the Buddhist World*, Paul Hattaway, bl. 347). Laat ons tot die Here uitroep deur gebed vir hierdie totaal onbereikte mense. Vra vir sy bonatuurlike ingryping in die harte en gedagtes van hierdie mense-groep en dat God deur sy Heilige Gees 'n weg sal berei vir die boodskap van Jesus Christus onder hulle.

Vrydag 1 Augustus 2008
***90 Dae van Seën*: Berou oor ongeregtigheid en verbreekte verbonde**
Almagtige God en Vader van ons Here Jesus Christus, ons erken U grootheid. U is die Rots, U werk is volmaak; alles wat U doen, is regverdig. U is die getroue God, sonder onreg (**Deut.32:3,4**). U troon is gebou op geregtigheid en reg; liefde en trou staan in U diens (**Ps.89:15**). U laat reg geskied aan die weeskind en die weduwee; U het die vreemdeling lief en gee vir hom kos en klere (**Deut.10:18**). U het aan ons bekend gemaak wat goed is; U vra van ons dat ons reg sal laat geskied, dat ons liefde en trou sal bewys en dat ons bedagsaam sal lewe voor ons God (**Miga 6:8**).

Regter oor die hele aarde, ons kom pleit vir genade en ontferming vir ons samelewing en ons land. Geregtigheid is ver van ons af. Ons struikel en val, want ons oortredings bly ons by, ons bly bewus van ons sondes: die oortreding en die geveinsdheid teenoor die Here, die ontrou teenoor ons God, die beplanning van onderdrukking, die verdraaiing van die reg, die uitdink en verspreiding van leuens. Die reg het van die toneel verdwyn, geregtigheid is ver van ons af, want die waarheid struikel waar daar onreg gespreek word, eerlikheid kan nie daar inkom nie (**Jes.59:9-15**). Die aarde treur en is verontreinig deur sy inwoners: hulle was ongehoorsaam aan die wet van die Here, hulle het Sy vaste verbond verbreek; daarom sal 'n vloek die aarde verteer (**Jes.24:3-6**). Ons bou ons huise met onreg, en laat mense sonder betaling werk (**Jer.22:13**). Baie van ons stede is gebou met onreg (**Hab.2:12**). Ons maak wette wat kwaad bevorder en mense laat ly; ons verdraai die reg van die armes, ons ontsê hulle hul regte, ons buit weduwees uit en plunder weeskinders (**Jes.10:2**). Ons het berou; ons vra om vergifnis, ons draai terug na U toe. Vervul ons harte met waarheid en geregtigheid en maak ons land gesond. Ons vra dit in die Naam van Jesus.

8-24 Augustus 2008: Gebedsfokus op *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina: *808 China Blessing*
Die *808 China Blessing* is 'n wêreldwye inisiatief om 'n miljard Christene regoor die wêreld te verenig om op die aand van 08-08-2008 om 8 minute oor 8 vir Sjina te bid. Gebedswenke wat jou kan help om jou gebede op die spesifieke behoeftes in

Sjina te fokus, sal vir elke maand in die aanloop tot 8 Augustus op die *808 China Blessing* webruimte – www.808chinablessing.org – beskikbaar wees. Terwyl ons steeds hiervoor bid, dank ons God ook vir Sy getrouheid wat blyk uit die nuwe verwikkelinge wat ons op die oomblik in Sjina sien plaasvind. Moedig asseblief jou vriende aan en nooi hulle uit om saam te bid.

Saterdag 2 Augustus 2008

Pray 40 Africa

Die onlangse *Pray 40 Africa* wat in Februarie in Pretoria gehou is, was 'n wonderlike tyd van 40 uur van gebed vir die nasies regoor die wêreld wat nog die minste bereik is! Afgevaardigdes van Suid-Afrika, Malawi, Zambië, Senegal, Kameroen, Swaziland, die Demokratiese Republiek van die Kongo, Ghana, Indië, die Filippyne, Kanada, Soedan, Rusland, Argentinië, Indonesië, Turkye, Maleisië, Ierland, die Verenigde Koninkryk, Zimbabwe en die Sentraal-Afrikaanse Republiek het deelgeneem. Die byeenkomste het gefokus op vennootskappe wat deur Bybelse beginsels geïnspireer is of deur Gelowiges wat in gebed verenig is, om so gemeenskaplike oogmerke in God se koninkryk te bereik. Hulle het twee nag-lange gebedswake van twaalf uur elk gehou, met twaalf uur tussenin wat toegespits was op 'n oorsig en viering van dit wat God besig is om in elk van hierdie 12 wêrelddele te doen, en om saam te bid vir die mins bereikte nasies in elk van hierdie streke. (*Global Christian Network Inc*. Webruimte: www.gcni.org, e-pos: asianrd@sr21.com). Dank die Here vir die mense van al hierdie lande wat aan hierdie ontsagwekkende gebedstaak deelgeneem het om tot God te roep dat sy koninkryk moet kom. Bid vir hierdie mense om soortgelyke geleenthede in hulle eie lande te organiseer, om sodoende meer Gelowiges te betrek om in vurige gebed lof aan God te bring.

***Jaar van die Bybel*: Hongarye**

Hongarye vier 2008 as die *Jaar van die Bybel*. Bid vir die werk van *Wycliffe* in Hongarye waar hulle aktief maniere soek om die Bybel en Bybelvertaling regdeur die jaar saam met ander evangeliebedienings, soos die *Hungarian Bible Society* en *Operation Mobilization Hungary* te bevorder. Bid ook vir mense wat dit oorweeg om by 'n bediening by *Wycliffe* in Hongarye aan te sluit. (*Wycliffe Prayer Focus Bulletin*, 11/02/08. Webruimte: www.wycliffe.net of e-pos: jan_crowell@wycliffe.net).

Sondag 3 Augustus 2008

Hoe die Heilige Gees die dissipels se lewens verander het en hoe dit vandag in jou lewe kan gebeur

Handelinge 24: Hy vestig jou ewige hoop in God

Ek het my hoop op God gestel, en net soos hulle verwag ek dat alle mense, goeies en slegtes, uit die dood sal opstaan. Daarom doen ek ook my uiterste bes om altyd 'n skoon gewete voor God en die mense te hê (**Hand.24:15-16**). Sommige mense redeneer en sê: Wat as daar nie 'n God en lewe na die dood is nie? Dan het jy jou hele lewe verspil sonder om dit ten volle te geniet. Die teenoorgestelde vraag is egter: Wat as daar 'n God en lewe na die dood is? Die opstanding uit die dood word dikwels in ons kerke verkondig. Glo ek en jy dit egter werklik self in ons diepste wese? Is dit vir jou as volgeling van Jesus 'n ware werklikheid? Soms is dit belangrik om vir 'n oomblik stil te staan en oor die dood te dink. So ook oor lewe na die dood. As ons nie aan die ewige lewe glo nie, het ons lewens geen ware doel of betekenis behalwe om dit na die beste van ons vermoë te lewe totdat dit eindig nie. Hierdie geloof gee aanstoot aan die menslike verstand. Dit is duidelik dat ons nie werklik in beheer van óf lewe óf dood is nie, of ons nou in lewe na die dood glo of nie! Presies hierdie wete – lewe na die dood - was egter Paulus se hoop. Ons het mans en vroue nodig wat vurig vir die bedoelings van God se koninkryk sal leef, omdat hulle God en Sy Woord glo en seker is dat daar lewe na die dood is, mense wat besef dat elke daad bydra tot die boek van hulle en ander se lewens en hulle ewige beloning.

Vader, ek vra hierdie week dat U deur U Heilige Gees 'n hernieude persoonlike oortuiging van die ewige lewe in my hart sal laat herleef en groei. Laat leef in my dieselfde hoop as wat Paulus gehad het. Laat my hier en nou vir U koninkryk leef met die wete dat ek die ewigheid saam met U gaan deurbring.

8-24 Augustus 2008: Gebedsfokus op die *Olimpiese Spele* in Beijing, Sjina

Bid asseblief vir almal wat besig is om voor te berei vir evangelisasie-uitreike en ander inisiatiewe tydens die *Olimpiese Spele* in Sjina in die volgende week. Roep dringend tot God dat Sjina sy beperkings met betrekking tot dit wat die land binnekom ten opsigte van Bybels en Christelike lektuur sal verslap. Vra dat hierdie *Olimpiese Spele* 'n beduidende ommeswaai in die vervolging van Christene in Sjina tot gevolg sal hê.

Maandag 4 Augustus 2008

Valcare Trust

Valcare Trust is 'n Christelike nie-winsgewende organisasie wat ten doel het om armoede in die Paarlvallei te verminder. Hulle funksie is om as inligtings- en netwerkorganisasie op te tree wat hulle dienste aan kerke, projekte of organisasies, besighede en ander diensverskaffers lewer. Dank God vir elkeen wat gewillig is om deur middel van projekte uit te reik om die fisiese omstandighede van die mense in die omgewing te verbeter. Bid dat meer mense by hierdie projek betrokke sal raak en dat dit baie vrug sal afwerp. (*Valcare Trust*, Louiestraat 2, Paarl, 7646. Tel.: 021 872 2365, faks: 021 872 2376. Webruimte: www.valcare.org.za of e-pos: admin@valcare.org.za).

Kinderbediening in die Filippyne

Dank God vir die werk van *LAMA Ministries*, wat 'n woonhuis vir seuns in nood in die Filippyne bedryf. Bid dat hulle geskikte kandidate sal kry vir 'n Christelike maatskaplike werker en 'n sielkundige om op praktiese wyse met die werk te help. Bid dat God werk vir die jong manne sal voorsien asook 'n plek waar hulle kan bly as hulle ouer word en die huis moet verlaat. (*Viva Network*. Webruimte: www.viva.org of e-pos: cbaker@viva.org).